**Die Here van die wet (OP176)**

**Eks 20:1-17**

**2 Junie 2024**

Tydens die laaste twee geleenthede het ons na die wet van die Here gekyk. Met die term "wet" bedoel ek die tien gebooie, of soos dit ook soms genoem word: die morele wet van die Here. Dit is die wet wat die Here self by Sinai aan die volk voorgehou het, en wat Hy self op kliptafels geskryf het. Ons het daaroor besin dat die wet die deel van Eksodus inlei wat die dankbaarheid beskryf wat die Here van die volk verwag het, siende dat Hy hulle uit Egipte bevry het. Soos wat die Here heilig is, so is Sy wet ook heilig. Die wet beskryf die karakter van die Here. En daarom is dit so dat as die volk die wet van die Here gehoorsaam, sal hulle ook heilig wees, en sodoende sal hulle God se beeld getrou vertoon. Ons het ook daaroor besin dat die wet steeds geldig is in die nuwe verbond – die nuwe verbond is nie 'n nuwe dispensasie waartydens die Here op 'n ander manier met die mens werk nie, die nuwe verbond het ook nie 'n ander wet as die tien gebooie nie. Ons het na verskeie gedeeltes in die Nuwe Testament gekyk wat juis die tien gebooie onderstreep. Die nuwe verbond is nie anders as die ou verbond deurdat dit 'n nuwe morele wet vereis nie, dit is wel nuut in die sin dat dieselfde wet nou op die tafels van die gelowiges se harte geskryf word deur die Heilige Gees.

Vandag wil ek aanbeweeg en na die inhoud van die wet, dit is die tien gebooie, kyk. Dit is sekerlik so dat mens oor elkeen van die tien gebooie 'n preek sou kon maak om die detail van die gebod behoorlik te oordink – beide wat elke gebod gebied en ook verbied. Ek glo dat julle dikwels sulke preke hoor wat op een of meer van die gebooie fokus – en dit is verseker in beginsel goed en nodig en sinvol. Jy kan ook na belydenisskrifte soos die Heidelbergse Kategismus of die Westminster Confession gaan kyk, en dan beskryf hulle ook die eise van elke gebod. Ek wil egter 'n ietwat ander aanslag volg: Ons het vroeër gesê die wet is 'n beskrywing van of vloei voort uit die Here se karakter. Omdat die Here heilig is, is Sy wet heilig, en as die volk en ons as gelowiges Sy wet sou gehoorsaam, sal ons ook heilig wees. Ek wil dus die fokus laat val op wat ons van die Here leer in die tien gebooie, hoe Hy beskryf word in die gebooie. Ek wil besin oor hoekom die Here juis hierdie tien gebooie in Sy wet opgeneem het – watter eienskap van die Here se karakter het aanleiding gegee tot elkeen van hierdie tien gebooie. Ek is oortuig dat dit ons kan help om met meer oortuiging ons daarop toe te lê om die gebooie te gehoorsaam.

<u>Struktuur van die tien gebooie</u>

Ek wil aanvanklik net 'n paar opmerkings maak oor die struktuur van die wet van die Here. Ons het al vroeër daarna verwys dat die tien gebooie opgedeel kan word in twee dele: Gebooie 1-4 fokus op die feit dat ons die Here ons God moet liefhê met ons hele hart, siel en verstand, terwyl gebooie 6-10 fokus op die feit dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Dit is immers hoe Jesus die wet opgesom het in Mat 22:37-40.

Daar was ook al ander pogings om die struktuur van die Here te beskryf. Motyer beskryf byvoorbeeld die volgende struktuur vir elkeen van die twee dele van die wet:

- Gebooie 1-2 fokus op hoe ons oor God behoort te dink
- Gebod 3 fokus op hoe ons oor God behoort te praat
- Gebod 4 fokus op hoe ons God behoort te dien

En dan volg die tweede deel van die wet wat op die naaste fokus die omgekeerde volgorde:

- Gebooie 6-8 fokus op hoe ons teen ons naaste behoort op te tree

- Gebod 9 fokus op hoe ons teenoor ons naaste behoort te praat
- Gebod 10 fokus op hoe ons oor ons naaste behoort te dink

Jy sal oplet dat hy die vyfde gebod oorgeslaan het. Hy voel die vyfde gebod het ‘n belangrike fokus op die gesin, eerder as die naaste in die algemeen – dit is tog opmerklik dat die eerste gebod wat op gedrag teenoor mense gemik is, juis fokus op die gesin. Ek wil nie te veel maak van Motyer se indeling, maar dink dit is tog nuttig om daarop te let dat daar ‘n fokus in die tien gebooie is op hoe ons dink, hoe ons praat en hoe ons optree – beide teenoor God, en ook teenoor ons naaste.

<u>Wat leer ons van die Here uit die tien gebooie?</u>

Kom ons begin deur te fokus op die **openingstelling** in Eks 20:2 “Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het.” Die opening begin met: “Ek is die Here” – onthou wat ons in Eks 3:14 gelees het destyds toe Moses met die Here by die brandende doringbos gepraat het: daar het die Here gesê Sy Naam “Here” beteken “Ek is”, dit is Jahwe, oftewel Verbondsgod. As die Here dus sê “Ek is die Here”, sê Hy “Ek is Ek is”. Ons het destyds in detail besin oor die ryk betekenis van hierdie stelling: Ons het gesien dit beteken die Here bestaan werklik, dit beteken Hy is die ewige God, Hy is die enige God, Hy is altyd, oral, en in elke omstandigheid, Hy is die krag agter alles, Hy is selfvoorsienend, Hy is soewerein, Hy is onveranderlik en onuitputlik. Dit is hierdie Here wat die wet aankondig.

Die Here het gesê: “Ek is die Here <u>jou</u> God” – dit beteken die Here is die God van die volk, Hy is hulle en elke gelowige se God met wie Hy in ‘n persoonlike verhouding staan. Boonop het Hy gesê “Ek is die Here jou <u>God.</u>” As ek die Naam “God” lees, dink ek gewoonlik terug aan Gen 1:1 “In die begin het God die hemel en die aarde geskep”. Die Here wat die wet aankondig is nie net die Verbondsgod nie, nee Hy is ook die almagtige Skeppergod. Dit is ook hierdie God wat die volk uit Egipteland, uit slawerny, uitgelei het. Dit loop natuurlik hand aan hand met die feit dat Hy die Verbondsgod is – dit is die Here wat die volk uit genade uitgekies het, wat beloof het om hulle te verlos, wat hulle met liefde uit Egipte bevry het en hulle getrou tot hier by Sinai gebring het – dit is Hy wat Sy wet aankondig.

Kom ons kyk na die **eerste gebod**: “Jy mag naas My nie ander gode hê nie” (Eks 20:3). Die rede waarom die eerste gebod bepaal dat ons nie ander gode naas die Here mag hê nie, is natuurlik omdat die Here die enigste God is – immers bid Jesus in Joh 17:3 tot die Vader en noem Hom “die enigste ware God”. Ja, die sondegevalle mensdom het allerlei ander gode ontwikkel, maar hulle is nie werklik gode nie, hulle bestaan nie werklik nie. Ek lees nou die dag iemand skryf: ”Baäl het nooit werklik bestaan nie, wat wel bestaan het is Baäl-aanbidding”. Die punt is: daar is nie ander gode nie. Die Here is die enigste God. Immers, watter ander god kan sê in die begin het hy alles in die hemel en op die aarde geskep? Watter ander god kan sê hy het die volk uit Egipte, die plek van slawerny, bevry? Daar is eenvoudig nie so ‘n god nie – die Here is die enigste ware God, en daarom is Hy ook die enigste God wat aanbiddenswaardig is, en daarom eis die eerste gebod dat Hy alleen aanbid moet word.

Kom ons beweeg aan na die **tweede gebod**: “Jy mag nie vir jou ‘n gesnede beeld maak nie...” Lees Eks 20:4-6. Dit is belangrik om raak te sien dat vers 4 sê ons mag nie ‘n gesnede beeld maak nie, en dat vers 5 dan byvoeg ons mag nie voor so ‘n gesnede beeld in aanbidding buig en dit dien nie. Die verbod is dus nie ‘n algemene verbod op gesnede beelde nie – dit is wel ‘n verbod op enige gesnede beeld wat gemaak word met die doel om dit te aanbid en daarvoor te buig. Die gebod geld vir enige afbeelding, hetsy dit van iets in die hemelruim of op die aarde of in die water onder die aarde is.

Ons moet die tweede gebod lees, met die eerste gebod in gedagte. In die eerste gebod het die Here alreeds bepaal dat niemand of niks anders aanbid mag word behalwe Hy nie. As die tweede gebod dus van gesnede beelde praat, dan kan ons aflei dat die Here bedoel dat daar geen gesnede beeld van Hom gemaak mag word met die doel om dit te aanbid nie. Die vraag is: Hoekom nie? Wel, onthou die Here is Gees. Hoe kan enige fisiese gesnede beeld 'n getroue afbeelding van die Here wees, as die Here Gees is? Enige fisiese afbeelding gaan enersyds sekere aspekte van die Here se karakter weglaat, en terselfdertyd kan dit suggereer dat die Here se karakter elemente bevat wat nie akkuraat is nie. Kon ons kyk na 'n voorbeeld: Gestel ons sou 'n fisiese beeld maak van 'n sterk gespierde bul – met die doel om daardeur die krag en almag van die Here te wil uitbeeld. Dit is 'n swak beeld: die Here het oneindig meer krag as die sterkste bul wat jy jou kan indink. Verder is bulle nie bekend vir hulle intelligensie nie – en daarom doen so 'n beeld skade aan die waardering wat ons moet hê van die Here se wysheid. God is die enigste Wese wat nie geskep is nie – en daarom sal enige fisiese skepping 'n gebrekkige beeld van Hom wees.

Let op die rede wat vers 5 gee waarom ons nie 'n gesnede beeld van God mag maak nie: "... want Ek, die Here jou God, is 'n besitlike God" (2020 DAV, die OAV praat van 'n jaloerse God). Die 2020 DAV het 'n onderskrif wat verduidelik wat bedoel word met die term "besitlik": "God beywer Hom hartstogtelik vir Sy kinders en duld geen teenstand nie". Dink aan alles wat die Here al vir die volk, en ook vir die gelowiges, gedoen het: Hy het hulle geskep, Hy het hulle uitverkies, Hy het hulle geroep, Hy het hulle gered en geregverdig, Hy is met hulle op pad – die Here het dus alreeds 'n geweldige klomp moeite vir en met die volk en die gelowiges gedoen, en daarom is Hy jaloers op hulle, Hy is besitlik teenoor hulle. Hy wil hê hulle moet Hom ken soos wat Hy is en soos wat Hy gedemonstreer het in Sy handelinge met hulle – al die verskillende fasette daarvan. Hulle moet oor Hom en Sy werk peins – nie oor 'n gebrekkige en eensydige beeld van 'n bul nie. Hy wil dat hulle ook jaloers oor Hom sal wees – sodat hulle hulle sal beywer om Hom te leer ken soos wat Hy werklik is. Gesnede beelde gaan nie hiervoor help nie.

Maar ons leer nog meer van die Here in die tweede gebod: Die Here gaan ook die straf wat Sy gebod oortree, en Hy gaan ook liefde betoon aan die wat Sy gebod hou. Hy is dus 'n God wat straf, en wat liefde bewys. Maar let op: Sy liefde oorskadu Sy straf. Sy straf strek tot die derde of vierde geslag, maar Sy liefde strek tot duisende.

Kom ons kyk na die **derde gebod**: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie". Lees Eks 20:7. Onthou die vraag wat Moses in Eks 3:13 by die brandende doringbos verwag het die volk hom sou vra oor wie hom gestuur het: "Wat is Sy Naam?" En die Here het geantwoord: "Ek is". Ons het daaroor besin in die Naam van die Here en van God is Sy hele wese opgesluit: Hy is ewig, enig, alomteenwoordig, soewerein, almagtig, onveranderlik, uitverkiesend en reddend as die Verbondsgod, jaloers en besitlik oor Sy kinders. Hy wil juis dat hulle Hom uit Sy werk met hulle moet leer ken, en hulle moet Hom in Sy volheid leer ken. Hulle moet verstaan hoe ontsagwekkend, hoe indrukwekkend Hy is. Om Sy Naam ydellik te gebruik, sal 'n teken van disrespek wees, 'n ontkenning wees van wie die Here is, dit sal getuig van 'n ligsinnige beskouing van die Here, miskien selfs van 'n ontkenning van die bestaan van die Here. Die Here is waardig om aanbid te word, en Hy is waardig dat daar met groot ontsag oor Hom gepraat sal word – veral deur Sy kinders vir wie Hy Hom so hartstogtelik beywer. En let op: weereens is daar die verwagting van straf vir diegene wat Sy Naam wel misbruik of ydellik gebruik. Die Here wil geëer word soos wat Hy waardig is.

Kom ons beweeg aan na die **vierde gebod**: "Gedenk die sabbatdag deur dit heilig te hou". Lees Eks 20:8-11. Die vierde gebod is 'n gebod wat dikwels in die spervuur is en waaroor daar allerlei opinies bestaan of dit nog geldig is in die nuwe verbond. Ek gaan nie nou in detail hierna kyk nie – ek beplan om as die Here wil in 'n later preek meer aandag hieraan te gee. Ek wil egter dat ons nou steeds

kennis neem wat ons van die Here leer in die vierde gebod. Ons dink gewoonlik aan die vierde gebod bloot as 'n opdrag om die sewende dag as 'n sabbat of rusdag deur te bring, maar daar is ook die opdrag van die Here om vir ses dae te werk en te doen wat ons moet doen. Die rede wat gegee word waarom ons vir ses dae moet werk, en dan op die sewende dag moet rus, word in vers 11 beskryf: Want dit is wat die Here gedoen het tydens die skepping – toe het Hy vir ses dae Sy skeppingswerk gedoen het, en op die sewende dag het Hy gerus na Sy skeppingswerk voltooi was. Tydens die skepping het die Here ook aan die mens opdragte gegee, onder andere: heers oor die skepping, onderwerp die aarde, bewerk en bewaak die tuin. Hiermee moet die mens ses dae besig wees, en dan moet hy op die sewende dag rus. Maar hierdie dag van rus, kyk uit na die ware rus wat hulle sal ontvang wanneer hulle werk aan die skeppingsopdragte klaar is.

Vers 8 sê die Sabbatdag moet gedenk word deurdat dit heilig gehou moet word – dit beteken die dag moet afgesonder word, dit moet anders wees as die ander ses dae waarop gewerk word. Maar let ook op wat vers 10 sê van die Sabbatdag – dit is 'n dag ter ere van die Here jou God. Ons werk dus vir ses dae, en dan sonder ons 'n dag af ter ere van die Here – nie soseer 'n dag van nonaktiwiteit nie, maar wel 'n dag van gefokusde aktiwiteit tot eer van die Here waarop ons veral uitsien na die ware rus wanneer ons werk hier aan ons skeppingsopdragte klaar sal wees. Dus: wat leer ons van die Here? Die Here werk. En Hy werk na rus toe. Hy wil ook dat ons werk. Hy wil ook dat ons na die ewige rus toe werk. Maar intussen gee Hy ook aan ons elke sewende dag om te rus van ons gewone werk, om te gebruik om Hom te vereer. Die Here doen groot werk in Sy kinders, maar Hy wil ook dat hulle Hom vereer vir hierdie werk, nou alreeds, veral elke sewende dag.

Die **vyfde gebod**: "Eer jou vader en moeder". Lees Eks 20:12. Hierdie gebod is die eerste gebod van die deel van die tien gebooie wat fokus op ons verhouding met ander mense. Soos ons vroeër opgemerk het, val die fokus hier veral op die eerbied wat kinders vir hulle ouers binne die gesin moet hê, maar ons weet dat dit ook uitgebrei word na allerlei gesagstrukture – soos eerbied vir die regering of vir ouderlinge in die gemeente. Die vraag is wat leer ons van die Here as Hy aan ons die opdrag gee om gesagstrukture, veral binne die gesin, te respekteer? Die Here verwag van ons om gesagstrukture te respekteer, omdat daar selfs binne die Drie-Eenheid erkenning van strukture is. In Joh 17:4 lees ons dat Jesus die volgende bid: "Ek het U (dit is: die Vader) op die aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U aan My gegee het om te doen". Tussen die drie Persone in die Drie-Eenheid is daar 'n ooreenkoms wat die rol van elke Persoon is. Elke Persoon respekteer hierdie struktuur – daarom het Jesus die werk voltooi wat die Vader aan Hom gegee het om te doen. In 1 Kor 14:33 leer ons dat God 'n God van orde is – selfs in die Drie-Eenheid is daar orde. En daarom verwag die Here ook van ons as Sy kinders dat ons ook ordelik binne gesagstrukture sal leef – veral binne die ouerhuis waar kinders hulle ouers moet eerbiedig, maar ook in ander gesagstrukture wat die Here daargestel het.

Die **sesde gebod**: "Jy mag nie moord pleeg nie" (Eks 20:13). Die Here is die Skepper van alle lewe, in besonder ook die lewe van elke mens. In Gen 2:7 lees ons dat die Here self in die neus van die mens die asem van die lewe geblaas het. Die Here is die Gewer van lewe. Hy bepaal wanneer iemand gebore word, en ook wanneer iemand sterf. Kort na die sondvloed het die Here in Gen 9:6 die volgende gesê: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word; want na die beeld van God het Hy die mens gemaak." Die rede waarom die Here ons verbied om ons eie lewe of die lewens van ander mense te mag neem, is omdat elke mens na die beeld van God gemaak is, elke mens behoort God se beeld te reflekteer. Dit is God wat besluit hoe lank iemand hier op aarde Sy beeld moet vertoon – ons mag dit nie kortknip nie. God is die Gewer van lewe, en Hy het ook elke mens geskep om Sy beeld te vertoon.

Die **sewende gebod**: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie" (Eks 20:14). In die gebod gaan dit oor die huwelik en ook die seksuele sy van die lewe. Natuurlik is die huwelik 'n instelling van God self – die Here het dit ingestel net na Eva geskep is. Die doel met die huwelik is dat die vrou vir haar man tot hulp sal wees – veral moet sy vir hom tot hulp wees sodat hulle saam kinders kan hê, sodat die aarde op so 'n manier gevul kan word met mense – dit is immers wat God wil: die aarde moet gevul word met mense, en die mense moet Hom dan dien – ons het mos gesien Hy wil geëer word deur hierdie mense. Uit dit vloei natuurlik die feit dat die God gegewe plek vir seks binne die huwelik is.

Maar daar is nog 'n rede waarom die Here in die sewende gebod egbreuk verbied: Want Hy is die Verbondsgod. Ons lees dikwels in die Bybel dat Sy Seun die Bruidegom is, en die verbondsvolk of die gelowiges is die bruid. Die ganse geskiedenis is op pad na die bruilofsmaal van die Lam met Sy bruid. Dit is waarheen die verbond van die Here werk. Die Here is absoluut verbind daartoe dat hierdie huwelik sal plaasvind, en Hy sal dit nooit verbreek nie. Hy is getrou aan Sy verbondsbeloftes. En gelowiges se huwelikke behoort hierdie trou te weerspieël.

Die **agste gebod:** "Jy mag nie steel nie" (Eks 20:15). In hierdie gebod handel dit oor die fisiese middele wat elke mens nodig het om van te leef, en dat ons die fisiese middele wat ander het, moet respekteer. Die punt om raak te sien is dat die Here die Versorger is wat aan elke mens die middele gegee het wat hy het. Hy is nie net die Skepper en Herskepper nie, Hy is ook die Versorger. Hy weet wat ons nodig het, en Hy wil hê dat ons Hom moet vertrou om te voorsien.

Maar die Here voorsien nie maar net nie: Nee, Hy gebruik dit ook as instrument waardeur Hy met ons werk, 'n instrument waardeur Hy ons wil bou in ons geloof, of teregwys oor ons gebrek in geloof. Vir hierdie doel kan Hy oorvloed gee of Hy kan gebrek gee. Hy versorg dus nie maar net nie, Hy versorg met 'n doel. En dit is met dit in gedagte, dat ek nie moet steel nie. As ek sien dat die Here aan ander meer gee as aan my, moet ek nie reg in eie hande neem om dan van hom te steel nie. Die Here versorg en Hy versorg met 'n doel.

Die **negende gebod:** "Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie" (Eks 20:16). In hierdie gebod eis die Here dat ons die waarheid moet liefhê en sal aanhang. En die rede hoekom die waarheid vir die Here so belangrik is, is omdat Hy die Waarheid is. Dink aan Jesus wat vir Sy dissipels in Joh 14:6 geleer het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe". Hoekom is dit so belangrik dat die Here die waarheid moet praat? Dink daaraan: die Here openbaar Hom in Sy spesifieke openbaring in die Woord deurdat Hy praat. Hy praat op verskillende maniere: deur Moses, deur die profete, of Hy praat selfs direk – soos hier by Sinai waar Hy Sy karakter aan ons vertoon as Hy vir ons wys wat vir Hom belangrik en heilig is. Gestel vir een oomblik dat van die uitsprake van die Here nie betroubaar is nie – hoe sal ons weet? Genadiglik het die Here Homself herhaaldelik as absoluut betroubaar bewys, en daarom kan ons oortuig wees as Hy praat, dan is dit die waarheid. Maar daarom verwag Hy dan nou ook van Sy kinders dat hulle die waarheid moet praat – selfs teenoor ander mense, sodat dit 'n getuienis kan wees van die waarheid wat Hy aan ons geopenbaar het.

Die **tiende gebod:** "Jy mag nie begeer nie". Lees Eks 20:17. In die tiende gebod verwag die Here van Sy kinders dat hulle niks van hulle naaste sal begeer nie. Hierdie gebod is 'n belangrike gebod. Dit is gewoonlik oortreding van hierdie gebod, wat aanleiding gee dat van die ander gebooie ook oortree word. Dit is begeertes om iets van jou naaste te wil hê, wat aanleiding gee dat jy jou naaste wil te nakom of doodmaak, dat jy egbreuk wil pleeg, dat jy wil steel, of dat jy 'n leuen vertel. Dit kan selfs verkeerde begeertes wees wat maak dat jy nie die Sabbatdag wil hou nie, of om die Here se Naam te misbruik of om afgode te wil dien. Wat lê aan die hart van hierdie begeertes? Die feit dat ons onvergenoegd is – ons is nie tevrede nie en wil iets hê wat ons nie het nie. Die Here daarenteen is vergenoegd: Hy is in beheer, Hy het 'n plan met die wêreldgeskiedenis – dit sal uitloop op Sy

beplande uitkoms: Al Sy uitverkorenes sal inkom, al Sy vyande sal finaal oorwin word, en dit sal op presies die regte tyd gebeur. Dit is Sy plan, Hy is in beheer en alles is op koers. Daarom is Hy vergenoegd. En daarom wil Hy dat ons as Sy kinders ook vergenoegd moet wees – ons moet Hom vertrou dat Hy ook op skedule is met ons elkeen.

Opsomming

Ons het nou baie eienskappe van die Here raakgesien: Hy is die Here, dit is die Verbondsgod – dit beteken Hy is getrou aan Sy beloftes en verlos Sy kinders in uitverkiesende liefde en genade. Hy is ook die persoonlike Here vir elke gelowige. Hy is ook God, wat ook Skepper is. Hy is dus almagtig, selfvoorsienend, soewerein. Hy is die ewige God. Maar Hy is ook die enigste God – en daarom is Hy aanbiddenswaardig. Hy is Gees, ver verhewe bo enige geskape ding of wese – en Hy wil as sulks aanbid word. Hy is jaloers of besitlik op Sy kinders, Hy wil dat hulle Hom ernstig sal opneem. Hy oordeel en straf sonde, maar Hy betoon ook oorvloedige liefde. Hy wil dat Sy kinders Hom vereer met onverdeelde aandag elke sewende dag. Hy is ‘n God van orde wat strukture respekteer. Hy het die mens na Sy beeld geskep en is die Gewer van lewe. Hy is ook die Versorger – en Hy versorg met ‘n doel. Hy is die waarheid. Hy is vergenoegd en op koers met Sy plan.

Maar onthou nou wat ons vroeër gesê het: Die Here is heilig. Omdat die wet die Here se karakter beskryf, is die wet dus ook heilig. Omdat die Here heilig is, moet ons ook heilig wees. En die wet is die Here se definisie van heiligheid – sodat ons heilig kan wees, soos die Here heilig is, solank ons binne die wet leef. Ons het gesê ons moet die wet onderhou, sodat ons God se beeld kan vertoon.

Beteken dit dat ons soos God moet word? Die antwoord is: ja en nee. Daar is sekere eienskappe van die Here wat ons nooit in sal deel nie – byvoorbeeld: Die Here is ewig – ons het almal ‘n geboortedag. Die Here is almagtig – ons het beperkte mag, afhangend van hoeveel mag die Here aan ons gee. Die Here is die Skepper – ons kan nie iets uit niks skep nie. Die Here is die Verbondsgod – ons is bloot bevoorregtes in die verbond. Die Here is Gees – ons is vlees en gees. Die Here is die enigste God – ons sal nooit God wees nie. Die Here is aanbiddenswaardig – ons moet nooit aanbid word nie. Daar is egter ander eienskappe van die Here se karakter wat ons wel in deel, al is dit net gedeeltelik, en wat ons na moet streef om te vertoon: Hy is liefde – Hy verwag van ons om Hom bo alles en ons naaste so lief as onsself te hê. Hy is georden en respekteer verantwoordelikhede binne die Drie-Eenheid – Hy verwag dat ons ons ouers en ander gesagsdraers moet respekteer. Hy gee en respekteer lewe – Hy verwag ons moet die lewe wat Hy gee respekteer. Hy respekteer Sy verbondsbeloftes – Hy verwag ons moet ons huweliksbeloftes respekteer sodat dit beeld kan wees van Sy verbond. Hy versorg met fisiese middele – Hy verwag dat ons sal respekteer hoe Hy dit uitdeel. Hy is die waarheid – Hy verwag dat ons die waarheid moet praat. Hy is vergenoegd met alles wat Hy doen – Hy verwag dat ons vergenoegd sal wees met dit wat Hy oor ons beskik.

Die punt wat ek probeer maak is dit: Ons moet soos God word, maar ons sal nooit God word nie. Daar is sekere eienskappe van die Here waarin ons nooit sal deel nie, Hy sal altyd ver verhewe wees bo ons – maar dit is juis wat die Here aanbiddenswaardig maak. Daarom bestaan die eerste deel van die wet uit voorskrifte wat juis ons aanbidding van die Here beskryf: Die eerste gebod sê ons moet net die Here aanbid. Die tweede gebod sê ons moet nie Sy Wese beperk deur gebrekkige beelde te gebruik nie – nee, ons moet al die heerlike eienskappe van die Here se Wese en karakter bestudeer in verwondering, en dit moet ons gebruik in ons aanbidding van Hom. Die derde gebod sê selfs as ons net van Hom of met Hom praat, moet ons onder die indruk wees van hoe groot en heerlik Hy is, en dit moet in ons manier en inhoud van praat na vore kom. Die vierde gebod sê ons moet doelbewus elke sewende dag afsonder juis om die Here te vereer omdat Hy is soos Hy is, en omdat Hy doen wat Hy doen, en terselfdertyd moet dit ons vooruit laat kyk na die tyd wat ons die ware rus

sal ingaan, en Hom dan elke dag so sal verheerlik. Ons verstaan ons sal nooit soos Hy wees nie – en juis daarom aanbid ons Hom volgens die voorskrifte wat Hy vir ons gee.

Maar, terselfdertyd moet ons ook die tweede deel van die wet onderhou – en dit fokus op ons naaste. Hier moet ons leef soos wat die Here wil hê ons moet leef, hier moet ons wel getuies wees van die Here se karakter, hier moet ons in pas wees met hoe die Here is. Ons doen dit omdat ons daardeur die Here respekteer, ons doen dit omdat ons dankbaar is vir Sy verlossende werk in ons, en ons doen dit omdat ons saam met Hom wil werk in die uitwerk van Sy plan hier op aarde deur met ons lewens getuies vir Hom te wees in hierdie wêreld. Dus eerbiedig ons ons ouers – sodat ons daardeur getuig die Here is 'n God van orde (vyfde gebod). Dus eerbiedig ons die lewens van ons naaste – sodat ons daardeur getuig elke lewe is deur God gegee (sesde gebod). Dus eerbiedig ons ons en ander se huweliksbeloftes – sodat ons daardeur getuig van die Here wat die getroue Verbondsgod is. Dus respekteer ons die besittings van ons naaste – sodat ons daardeur getuig dat dit die Here is wat versorg en voorsien volgens Sy wysheid. Dus praat ons die waarheid – sodat ons daardeur getuig dat die Woord van die Here waarheid is. Dus is ons vergenoegd met wat die Here vir ons gee – sodat ons daardeur getuig van die Here wat vergenoegd is met die vordering in die uitvoering van Sy plan om Sy finale doel te bereik.

Wat die Here vir ons met die wet sê, is: As ons hierdie tien gebooie onderhou, dan dien ons Hom soos wat Hy gedien wil word, dan leef ons soos wat Hy wil hê ons moet leef, dan is ons in die wêreld die getuies wat Hy wil hê ons moet wees -al maak dit ons nie gelyk aan Hom nie.

Mag die Here ons help om ons met groot erns te verdiep in wat Hy oor Homself geopenbaar het, sodat ons Hom met kennis oor Homself kan verheerlik. Mag die Here ons ook help om te leef soos wat Hy aan ons voorgeskryf het as getroue getuies vir Hom. Mag ons dankbaarheid teenoor Hom so na vore kom.